

DIE LETTERKUNDE IN ONS VOLKSLEWE.

(Voorsittersrede, F.A.K.-Kongres, Durban, 11 Julie 1962)

Deur Professor H.B. Thom, Voorsitter, F.A.K.

Die Grondwet en die Statute van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge maak voorsiening vir 'n Algemene Vergadering of Kongres. Hierdie liggaam is die hoogste gesag in die F.A.K. Dit kom al om die twee jaar bymekaar en bestaan uit verteenwoordigers van geaffiliëerde en meewerkende liggame van die F.A.K. In die Kongres kan, in adviserende hoedanigheid, ook sitting neem donateurlede van die F.A.K., en lede van alle liggame wat by die F.A.K. geaffiliëer is.

Ons is nou hier by die sestiende tweejaarlikse Kongres byeen. Ons is byeen om as die hoogste bestuursliggaam van die F.A.K. ons stem te laat hoor. Ons is verteenwoordigend van vrywel alle vername kultuurorganisasies van die Afrikaner. Ons is verteenwoordigend nie net van die Afrikaner van die een of ander Provinsie nie, maar van die Afrikanerdom van ons hele Republiek. Wat hier gesê word, is afkomstig van verskillende dele van ons land; en wat hier besluit en gedoen word, word uitgedra na alle dele van ons land.

Die F.A.K. - en insonderheid die Tweejaarlikse Kongres - is al meermale die kultuurmondstuk van die Afrikaner genoem, en in die lig van wat so pas gesê is, is dit duidelik dat daar baie waarheid hierin steek. Maar as ons die kultuurmondstuk is, dan moet ons besef dat ons groot verantwoordelikheid dra: dit is ons taak om ons op openhartige wyse van ons kultuurtoestand rekenskap te gee; om met onbevange

gemoed/.....

gemoed ondersoek in te stel, en dan op duidelike wyse leiding te gee. Dit is geensins ons voorneme om ons as eiege-regtige kultuurpotentaat te verhef en van bo-af voorskrifte te probeer doen nie; intendeel, ons kom in nederigheid en dankbaarheid byeen om, as mede-Afrikaners, deur eerlike ondersoek en onderlinge oorlegpleging tot bevindinge te geraak wat vir ons tot rigsnoere in die hede en die toekoms kan dien.

In hierdie gees het ons sestiende Kongres bymekaar gekom; in hierdie gees lê die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. belangrike kultuursake aan u voor, en vra die Uitvoerende Komitee u veral om ernstige aandag te wy aan die hoof-tema van die Kongres, nl. Die Afrikaanse Boek.

In my Voorsittersrede wil ek oor die meer algemene sy van ons hooftema handel, nl. Die Letterkunde in ons Volkslewe. Ek wil 'n poging aanwend om die nodige agtergrond te gee en sekere rigtings aan te wys, wat met die oog op die verder verrigtinge van die Kongres waarde mag hê.

Laat ons eers vir onself afvra wat ons presies onder die letterkunde verstaan. Die letterkunde omvat enersyds die kennis of wetenskap van die skone lettere, maar andersyds ook die literatuur, d.w.s. die werke self, wat deur prosaskrywers en digters geskryf word. Ek neem die term letterkunde hier nou meer bepaald in die laasgenoemde sin: die boeke, die werke self. In sy wydste sin sou die letterkunde insluit nie net boeke nie, maar ook tydskrifte, koerante, die literatuur van verskeie vakgebiede, en vrywel alles wat in 'n taal geskryf word. Ons verstaan ons onderwerp egter nie in dié sin nie. Ons dink aan die letterkunde in engere sin, ons dink aan prosawerke en artikels

en gedigte/.....

en gedigte, wat onder die skone lettere inbegrepe is.

Dit betaam ons om by 'n geleentheid soos hierdie die hand in eie boesem te steek, en te kyk hoe dit met die Afrikaanse boek in ons volkslewe gesteld is. Ek wil nie onnodig negatief of pessimisties wees nie, maar ek het gesê dat ons ons op eerlike, openhartige wyse van ons kultuurtoestand rekenskap moet gee, en as ons dit doen, sal ons gou uitvind dat dit met die Afrikaanse boek in ons volkslewe vandag nie na wens gaan nie.

Ons ondervinding in die werksaamhede van die F.A.K. bring ons tot die gevolgtrekking dat daar tal van Afrikaners is wat vrywel nooit 'n goeie Afrikaanse prosawerk of 'n ernstige Afrikaanse gedig of artikel lees nie. Hulle lees miskien wel Afrikaanse koerante, maar dan gaan dit dikwels net om interessante nuusbrokkies en sportgebeure, en nie om bydraes van blywende belang in sulke koerante nie. Vanselfsprekend is daar met nuusbrokkies en sportgebeure as sodanig geen fout te vind nie, maar as dit die enigste dis van 'n Afrikaner se lees-aptiyt geword het, dan is daar met daardie Afrikaner wel groot fout te vind.

Verder kry ons Afrikaners wie se leeslus net tot sensasieberigte beperk is. Dit is nie die weldeurdagte skeppinge van ons skrywer- en digter-denkers wat hulle interesseer nie, maar die besonderhede van moordsake en ontugsake. Hulle is nie geïnteresseerd in die ontleding en vertolking van lewens van doelgerigte, positiewe arbeid nie, maar veel eerder in die lewens van bv. buitelandse rolprentsterre, met die gebruikelike oormaat van herhaalde egskeidingsake.

Dan is/.....

Dan is daar Afrikaners wat wel baie lees - en ook Afrikaans lees - maar hoofsaaklik in onsmaklike, pornografiese literatuur belangstel. Hier kry ons te doen met 'n verskynsel wat al baie vervlakking en geestelike agteruitgang veroorsaak het, en inderdaad besig is om nog steeds meer en meer in hierdie rigting te werk. Dit is of die verheffende en edele van die lewe nie meer tot hierdie mense spreek nie; slegs die skaamtelose uitbuiting van sekstemas en -verskynsels wek nog hulle belangstelling.

Owerigens is daar Afrikaners - soms van ons ontwikkeldeste, bemiddeldeste mense - wat wel van goeie prosawerke en digwerke hou, wat nie deur sensasie meegesleep word en vir pornografiese literatuur geen belangstelling het nie, maar wat vir die Afrikaanse boek min omgee. Hulle lees wel baie, maar hulle lees min Afrikaans. Dit is hierdie Afrikaners wat die bevrediging van hulle literêre belangstelling hoofsaaklik in die Engelse - of die Amerikaanse - letterkunde vind. Hulle is dikwels goed op die hoogte van nuwe werke in Engels, en hulle kan met geesdrif en insig daarvoor gesels, maar nuwe boeke in Afrikaans, hoe verdienstelik dit ook al mag wees, spreek eenvoudig nie tot hulle nie.

Ek moet versigtig wees om nie 'n verkeerde indruk te wek nie. Teen die lees van Engelse boeke, of boeke in watter taal ook al, het ek geen beswaar nie. Immers, hoe meer tale 'n mens ken, en hoe meer boeke jy in ander tale kan lees, hoe ryker kan jou gees word. Maar as jy boeke in ander tale ten koste van boeke in jou moedertaal lees, loop jy gevaar om meer en meer gedenasionaliseer te word, en, as burger van jou eie land en lid van jou eie volk, geestelik te verarm.

Om aan/.....

Om aan Engelse literatuur voorkeur te gee, is 'n mode wat by sommige Afrikaners swaar sterf. Dis vir ons 'n vernederende gewoonte, want dis nog steeds gefundeer in die uitgediende, onuitgesproke veronderstelling dat wat in Engels verskyn, noodwendig beter moet wees dan wat in Afrikaans die lig sien. Ons is hartseer oor hierdie gewoonte, want dis dikwels juis hierdie Afrikaners - met hulle geestelike ontwikkeling en materiële middele - wat ons in ons eie midde dringend nodig het.

Teenoor die kategorieë van Afrikaners wat ek genoem het, staan daar gelukkig nog baie van ons mense wat aan die goeie Afrikaanse boek getrou gebly het en dit van harte steun. Die feit bly egter staan dat die getal van diegene wat nie só gesind is nie, groot is en dat ons met dié feit terdeë rekening moet hou. Ons moet besef dat 'n toestand ontstaan het wat vir die toekoms van ons letterkunde groot gevare inhou, en wat die invloed van ons letterkunde in ons volkslewe ernstig ondermyn. As ons nie aktief en sterk optree nie, sal die toestand met verloop van tyd nog steeds slegter word. Dit is maar net menslik dat, hoe meer jy 'n gewoonte voed, hoe meer sal jy daarin verval. Hy wat nie trek het vir die Afrikaanse literatuur nie en baie min lees, sal steeds minder lees. Hy wat hoofsaaklik sensasie en pornografie lees, sal dit steeds meer wil doen. Hy wat die gewoonte aangeleer het om in die eerste instansie Engelse boeke en tydskrifte te lees, sal steeds meer in hierdie gewoonte kom. 'n Mens sal immers nie 'n smaak of 'n gewoonte volhou en voed, en dan verwag dat dit swakker sal word nie. Iets wat volgehou en gevoed word, word sterker - dis 'n gewone verskynsel van die alledaagse lewe wat ons elke dag om ons sien.

Die leserskring/.....

Die leserskring vir die goeie Afrikaanse boek en gedig en tydskrif is klein - veel kleiner as bv. dié van die Engelse of Duitse of Franse boek - en deur die genoemde leesgewoontes van baie Afrikaners word ons leserskring nog kleiner gemaak. Ons mense sal moet wakker word - of wakker geskud moet word - om die waarde, selfs onmisbaarheid, van ons letterkunde in ons volkslewe te begryp. Vir ons taalstryders, dié van sowel die Eerste as die Tweede Taalbeweging, was die goeie Afrikaanse boek en gedig 'n kosbare besitting wat hulle met innige dankbaarheid ontvang en met tere liefde gekoester het. Hulle het daarvoor opgeoffer en gestry; dit was vir hulle die bekroning van hulle arbeid en stryd. Vir baie van ons is dit vandag nie meer die geval nie. Vir baie het die verskyning van die Afrikaanse boek al roetine geword, wat selde ons aandag trek.

Met hierdie feite voor oë kan ons nou tot die kern van ons onderwerp kom. Waarvoor staan ons letterkunde in ons volkslewe? Waarvan spreek dit? Waartoe dien dit?

'n Engelse skrywer het eenmaal gesê: „Die geskiedenis van 'n volk is sy biografie; die geskiedenis van sy letterkunde is sy outobiografie.” Hierin lê daar 'n groot waarheid opgesluit. In ons letterkunde gee ons prosaskrywers en ons digters uitdrukking aan wat in die siel van ons volk omgaan: ons vreugde en ons oorwinnings, maar ook ons smart en ons neerlae. In ons letterkunde sien ons soms hoe dinamiese denkers met uitgediende opvattinge en gewoontes afreken, en hoe hulle hervorm en bou vir die toekoms. Met reg kan dus gesê word dat die geskiedenis van ons prosaskrywers en ons digters se denke en doen, d.w.s. die geskiedenis van ons letterkunde, nie maar net die biografie, die lewensgeskiedenis, van ons volk is nie; dit

is veel/.....

dit is veel meer, dit is inderwaarheid die outobiografie, dit is die lewensgeskiedenis van ons volk soos ons volk dit self vertel.

Ons ouer skrywers het die tyd van die Tweede Vryheidsoorlog deurleef, hulle het die leed van konsentrasiekampe in eie families ondervind, en hulle het self die afgebrande plaaswonings ná die oorlog aanskou. Hoef dit ons dan te verwonder dat hierdie groot tragedie in ons bewoë geskiedenis hulle diep aangegryp het? Maar hulle het nie net die tragedie raakgesien nie, hulle het ook die loutering deur die vuur gesien: die vuur van verwoesting was ook die vuur van suiwering en besieling. Hulle het dit verstaan, en, vol van liefde en eerbied vir hulle eie land, het hulle dit aan hulle eie mense en die hele wêreld uitgesing. Dit is al sulke elemente wat ons vind in die werke van 'n diepsinnige, sensitiewe gees soos Totius, 'n begenadigde Afrikaanse woordkunstenaar soos Jan Cilliers, 'n rasgegte Afrikaner soos Eugène Marais, en 'n sterke, ryke gees soos Leipoldt.

Maar ons letterkunde sou nie by die Tweede Vryheidsoorlog en sy smart, of by die liefde vir eie bodem en eie geskiedenis, bly staan nie. Nuwe, groot gebeures het oor ons heen gegaan; hulle het ons soms magteloos laat voel, en hulle het hulle aan die hart en die hoof van die Afrikaner nie onbetuig gelaat nie: die Eerste Wêreldoorlog, die Rebellie, die jare van depressie en armoede, die ekonomiese en geestelike wedergeboorte van die Afrikaner, die Tweede Wêreldoorlog, die opkoms van die nie-blanke. Ons skrywers kon nie aan hierdie groot gebeures ontsnap nie; hulle het dit van naby gesien en beleef, en hulle het die diepgaande uitwerking daarvan op die land en die lewe van die Afrikaner gesien en vertolk.

Ondertussen/.....

Ondertussen is daar nuwe geluide in ons letterkunde gehoor. Dit was nie maar net die menings en aanvoeling van individuele skrywers nie. Dit was die opbruisende, voortstuwende krag van 'n nuwe tyd en 'n nuwe geslag, wat by ons digters en ander skrywers tot uiting gekom het. Die nuwe geslag was nie meer tevrede om konvensionele, tradisionele beskouings en gebruike sonder meer te aanvaar nie. Lewende in 'n nuwe 'n ander tyd, het hulle na iets nuuts, iets anders gesoek. Sommige het wel die swingels gebreek en bitter naby aan beeldestormery gekom, maar hulle was nie slegter Afrikaners omdat hulle aan iets nuuts, of iets anders, behoefte gehad het nie. In ieder geval het hulle ons aan die dink gesit en ons gedwing om in baie opsigte ons geestelike balansstaat op te stel.

Waar kry ons hierdie nuwe gees beter en sterker as by die bekendste leiersfiguur in ons moderne letterkunde, N.P. van Wyk Louw? In sy Lojale Verset sê hy:

Dit is moeilik vir die jonger geslag om by ons aan die woord te kom. Miskien is dit oral moeilik, en dit sal vir hom sleg wees as hy sommer dadelik die profetemantel omgehang kry. Maar baie dikwels word sy mooiste woorde eenvoudig doodgeskreeu dat een van die gevestigdes kan praat.

Elders in dieselfde werk lees ons weer:

Daar is dinge by ons wat kook, klein groepies en eensame jongmense wat rusteloos te midde van die rus is, en daar is 'n groot stom deel van ons volk vir wie swaar-kry en onsekerheid elke dag se kos is; maar die openbare, die amptelike kulturele en literêre lewe is swaarlywig, rustig en gerus.

In sy/.....

In sy Naskrif by sy opstel oor Die Jonger Afrikaanse Literatuur laat Van Wyk Louw dan, nadat hy 'n weerlegging gegee het van wat oor die nuwe rigting in ons literatuur geskryf is, op kenmerkende wyse volg:

'n Mens moet ongelukkig telkens land skoonmaak voordat jy kan ploeg.

In dit alles sien 'n mens 'n verset teen veel wat gevestig is en lank aanvaar was. Maar dit is 'n lojale verset, 'n verset wat gebore is uit liefde vir Suid-Afrika, 'n verset wat ons literatuur wil vernuwe en verjong, en wat vir nuwe klank en nuwe siening ruimte soek.

Ons sal die voorreg hê om by hierdie Kongres na 'n baie bekende digter van die nuwe tyd te luister, 'n digter wat in sommige opsigte 'n geesgenoot van Van Wyk Louw is, 'n digter wat veral hier in Natal ook geen onbekende is nie, nl. professor Dirk Opperman. Sy Joernaal van Jorik is vir my nog altyd een van die treffendste produkte van ons nuwere Afrikaanse letterkunde. Dit verteenwoordig 'n nuwe siening, en 'n nuwe uitbeelding. Dis anders as wat ons voorheen geken het. Ons word aangegryp, ontroer, maar ons weet dikwels nie presies waarom nie. Lees maar daar teen die einde van die Joernaal van Jorik:

Hy klim by halte drie-en-dertig af;
en toe die rooi bus wegruk met 'n vaart,
sien hy dat twee reeds op hom staan en wag
- een met 'n hol gesig en bietjie baard.
„Ek kan nie saam! Ek het verraad gepleeg
en ongeregtigheid” - „Kom, in Sy naam.
Ek, wat hier eenmaal in die tyd en vlees
ook was, neem jou in Sy genade saam”.

Daar is/.....

Daar is Afrikaners wat kla dat hulle die nuwere Afrikaanse letterkunde nie kan verstaan en waardeer nie. Dat dit só is, is nie vreemd nie. Ons staan midde in ons tyd, ons worstel en ons soek, maar ons het nog nie duidelikheid gekry nie. Met ons skrywers is dit ook só, hulle staan immers ook midde in hierdie tyd. Hulle vertolk wat daar by ons en in die siel van ons volk omgaan. Het ons dit oor die Groot Trek-geskiedenis gehad, of oor die Vryheidsoorlog, of die depressietyd, dan was dit anders, want dit alles lê in die verlede terug, en ons het reeds die perspektief. Ons kan dit „verstaan“.

Maar met die nuwe tyd is dit nie só nie; ons het nog nie die perspektief nie. Die nuwe tyd lyk vir ons in baie opsigte na 'n „onhistoriese“ tyd, 'n tyd met nuwe patrone en vreemde norme wat ons nog nie kan verstaan en in perspektief kan sien nie. Met hierdie selfde probleem het ook ons skrywers te kampe: hulle is één met hulle volk, en, saam met hulle volk, soek en worstel hulle. Dit sou seker oordrewe vereenvoudiging wees, selfs 'n bietjie naïef, om te meen dat ons hulle in alles moet „verstaan“.

Wat ek met die voorgaande veral wil uitbring, is dat daar 'n noue, diepgaande verband tussen ons skrywers en ons volkslewe is. Hulle gee uitdrukking aan wat daar diep in die hart van ons volk omgaan. Ek bedoel nie dat hulle eenvoudig spreekbuis van ons volk is nie. Ons volk mag hom miskien nie eers bewus wees van sekere diepliggende behoeftes of gevoelens nie. Maar dit is ons skrywers wat sulke behoeftes en gevoelens na die oppervlakte bring en in hulle geskryfte gestalte daaraan gee. En daarmee ein-

dig hulle/.....

dig hulle werk nie. Want as sulke behoeftes en gevoelens eers gestalte gekry het en voortgedra word, dan gaan die invloed daarvan verder: dan beïnvloed dit weer ons volk in sy denke en handeling. Ons letterkunde kom dus enersyds uit ons volkslewe voort, maar andersyds oefen dit weer voortdurend 'n invloed op ons volkslewe uit. Die letterkunde is 'n hoogs belangrike skepping van 'n volk, maar dit kan ook 'n magtige faktor in die geestelike vorming van 'n volk wees.

Daarom sal ons verstaan dat geen volk hom straffeloos aan sy opbouende, voedende letterkunde kan onttrek nie. In sy letterkunde sal hy die skone vind, wat vir hom tot be-sieling kan dien; sal hy die kritiese siening vind wat vir hom opvoedend kan wees; sal hy die wisselwerking van gedagtes vind wat hom tot ware geestelike mondigheid kan help bring. As dit 'n volk met sy letterkunde nie erns is nie, sal hy die magtige invloed van die letterkunde in sy eie lewe ont-beer. Dit is só met elke volk; dit is ook só met die Afrikanervolk.

Ek wil afsluit. Ek kom terug by wat ek aan die begin gesê het. Kan ons dan met lede oë aanskou dat daar vandag baie Afrikaners is wat vrywel geen Afrikaanse boeke lees nie? Dat daar Afrikaners is wat wel heelwat lees, maar net in sensasie en in onsmaklike lektuur belangstel? En dat daar Afrikaners is wat geen trek vir Afrikaanse boeke het nie en uit gewoonte byna uitsluitlik Engels lees? As sulke verskynsels onbeteueld voortgaan en aangroei, sal hulle gewis nie sonder baie ernstige gevolge op ons volks-lewe bly nie.

Die F.A.K., as kultuurmondstuk van die Afrikaner,

kan nie/.....

kan nie maar met gevoude hande staan en toekyk nie. Ons wil met hierdie Kongres die Afrikaner voor die vraag stel: Is dit jou erns met jou Afrikaanse boek? Ons wil probeer om 'n eerlike, openhartige antwoord op hierdie vraag te kry. Ons wil mekaar help om in die Afrikaanse boek 'n ware vormende krag in ons volkslewe te sien, en om daardie vormende krag op positiewe, blywende wyse in die diens van ons volk te gebruik.

Mag ons samesyn as Afrikaners by hierdie Kongres ons daartoe besiel; en mag die herinnering aan hierdie byeenkoms later vir ons almal 'n skone herinnering bly.
